

# MARKUS 13:1-37

**Lees Markus 13:1-37.**

In hierdie teks gee Jesus ‘n lang profetiese rede – ‘n voorspelling op dinge wat gaan gebeur, maar ook reeds besig is om te gebeur. Dit is Sy laaste toespraak voor Sy kruisiging.

*Terwyl jy lees, watter gevoel kom by jou op? Tyd? Vrees? Ongeloof? Onsekerheid? Skok? Benoudheid?*

*Watter verskillende gebeure/ momente lig Jesus uit in hierdie gedeelte?*




In vers 1 en 2, verwys Jesus na die fisiese verwoesting van die tempelgebou, wat inderdaad in 70nC plaasgevind het.  Hy voorspel ook verdrukking, opposisie en swaarkry, maar ook Sy wederkoms en die doel van alles wat bestaan.

*Hoe tree Jesus hier as 'n Profeet op?*

*Hoe tree Hy as 'n Priester op?*

*Hoe tree Hy as Koning op?*

Jesus los ons nie net so met slegte nuus nie – Hy gee daarmee saam ook belofte en bemoediging.  Hy gee reaksie en 'n antwoord op ons vrae en krisisse.  **Lees Markus 13:24-27**.



'“**MAAR IN DAARDIE TYD**, NÁ DAARDIE VERDRUKKING, SAL DIE SON VERDUISTER WORD EN DIE MAAN SAL NIE SKYN NIE; DIE STERRE SAL UIT DIE RUIMTE VAL EN DIE KRAGTE VAN DIE HEMELRUIM SAL ONTWRIG WORD. “DAN SAL DIE MENSE DIE SEUN VAN DIE MENS IN DIE WOLKE SIEN KOM MET GROOT KRAG EN MAJESTEIT. EN DAN SAL HY DIE ENGELE UITSTUUR OM SY UITVERKORENES BYMEKAAR TE BRING UIT DIE VIER WINDSTREKE, VAN DIE EEN KANT VAN DIE AARDE AF TOT BY DIE ANDER KANT.” '

*Markus 13:24-27*

*Wat is jou reaksie/ respons op Sy profetiese woorde?*

*Wat dink jy staan jou te doen in die tyd wat jy het?*

Toe die tempel van Jerusalem verwoes is, was dit ‘n verskriklike gebeurtenis en het dit soos die einde van die wêreld vir hulle gevoel. Tog was die tempel lankal nie meer die plek waar Jesus op die regte manier aanbid is nie – dit was ‘n baken vir politiek, ekonomiese vooruitgang, status en nie ‘n plek vir seerkry, swaarkry, nood en genade nie.

Alhoewel verwoestend, was dit die beste ding wat met die kerk kon gebeur.  Uit die puin van die tempel, is die Ware Kerk gebore – mense wat Jesus Christus volg in plaas van wette en sakramente. Nie-gelowiges het die kans gekry om die Ware Evangelie te hoor…


In uitdagende tye,
groei die ware kerk

In krisistye, eindtye, is ons die getuienis en hoop van iets beter wat besig is om te gebeur. Alles is rigtingwysers na Jesus wat in slegte en goeie tye met ons is.

*Watter slegte/ uitdagende dinge is daar tans in jou lewe? Hoe laat dit jou anders dink oor die lewe en oor jou doel op aarde? Hoe beweeg hierdie krisisse jou in jou geloofslewe?*

**Lees Handelinge 1:7-12.** Dit was Jesus se opdrag aan Sy dissipels in moeilike en onseker tye.

Die eindTYD is nie so belangrik soos ons REAKSIE op die eindtyd nie.



# HANDELINGE 1:7-12

'HY HET HULLE GEANTWOORD:
“DIT IS NIE VIR JULLE OM DIE TYD EN OMSTANDIGHEID TE WEET WAT DIE VADER IN SY EIE MAG BEPAAL HET NIE. MAAR JULLE SAL KRAG ONTVANG WANNEER DIE HEILIGE GEES OOR JULLE KOM, EN JULLE SAL MY GETUIES WEES IN JERUSALEM SOWEL AS IN DIE HELE JUDEA EN IN SAMARIA EN TOT IN DIE UITHOEKE VAN DIE WÊRELD.”


RESPONSE
TIME
MATTERS

Pastoor Harper het tydens die Titanic die evangelie probeer verkondig, maar niemand was werklik ontvanklik vir die goeie nuus op hul plesierrit nie.  Toe die Titanic egter besig was om te sink, en hul hul eindtyd in die gesig gestaar het, het Hy nie opgehou om in daardie laaste ure ‘n getuienis te wees nie.  Hy het sy dogtertjie van 6 jaar oud op ‘n reddingsboot gelaai, maar nie saamgegaan nie.  Hy het verkondig: “Vroue, kinders en almal wat nie gered is nie!” moes opklim.  Hy het geweet die einde was goeie nuus vir Hom, maar dalk nie vir ander nie.

Webb was ‘n man wat saam met Harper in die yskoue water beland het.  Terwyl hulle op stompe gedryf het, het Harper vir Webb gevra of hy glo, maar hy het nie.  Toe hulle ‘n tweede keer verby mekaar dryf, het Harper weer gevra: “Het jy nou al jou hart vir die Here gegee?” Harper het daardie aand verdrink, maar Webb het oorleef en die kans gekry om die Here te ontmoet as gevolg van Harper se dringendheid in ‘n krisistyd.


“Vroue, kinders & die wat nie gered is nie”

Ons weet nie wanneer ‘n krisis kan tref nie.  Ons weet nie wanneer die eindtyd presies gaan plaasvind nie.  Ons beleef wel reeds die geboortepyne, die tekens is daar.

*Leef jy met ‘n bewustheid dat slegte dinge kan gebeur?*

*Leef jy met ‘n bewustheid dat Jesus enige dag kan kom en dat die oordeelsdag naby is?*

*Hoe berei jy jouself voor… hoe gereed is jy… watter dringendheid beleef jy?*

Jesus gee vir die dissipels advies hoe om te reageer op die nuus wat Hy gegee het.  **Lees Markus 13:32-37.**




'"MAAR NIEMAND WEET WANNEER DAARDIE DAG EN UUR KOM NIE, SELFS NIE DIE ENGELE IN DIE HEMEL NIE EN OOK NIE DIE SEUN NIE. NET DIE VADER WEET DIT. **WEES OP JULLE HOEDE; WEES WAAKSAAM**, OMDAT JULLE NIE WEET WANNEER DIE TYD DAAR IS NIE. DIT IS SOOS 'N MAN WAT VER WEGGEGAAN EN SY HUIS ONDER BEHEER VAN SY SLAWE GELAAT HET. HY HET VIR ELKEEN SY WERK GEGEE EN DIE DEURWAGTER BEVEEL OM **WAAKSAAM** TE BLY. **BLY DUS WAAKSAAM, OMDAT JULLE NIE WEET WANNEER DIE HUISEIENAAR KOM NIE, IN DIE AAND OF MIDDERNAG OF MET HANEKRAAI OF DIE MÔRE VROEG NIE, SODAT WANNEER HY ONVERWAGS KOM, HY JULLE NIE AAN DIE SLAAP KRY NIE. EN WAT EK VIR JULLE SÊ, SÊ EK VIR ALMAL: BLY WAAKSAAM!"'**

*Markus 13:32-37*

*Hoe kan jy meer waaksaam wees – wakker, gefokus en jou tyd slimmer benut?*


‘n Mens reageer baie anders as jy weet ‘n krisis is oppad of jou tyd is naby.  As jy geweet het jou bestuurder dink daaraan om jou af te dank oor twee maande… as jy geweet het jy het drie weke oor voordat die Here weer kom… as jy geweet het jy het nog net 6 maande oor om te leef…

Ons weet die eindtyd is hier.  Mag dit ons met ’n dringendheid vul om anders te leef.

*Wat is jou reaksie op hierdie nuus?*


MAAK TYD
SOEK WAARHEID
BEKEER & GLO
KRY SEKERHEID

- HOE WERKLIK WAS GOD VIR JOU HIERDIE WEEK?
- HOE SEKER IS JY VAN GOD SE VERGIFNIS EN LIEFDE?
- VOEL JY REGTIG SY TEENWOORDIGHEID IN JOU LEWE?
- IS DIE SKRIF VIR JOU DEESDAE LEWENDIG EN AKTIEF?
- IS DAAR SEKERE BYBELSE BELOFTES WAT VIR JOU BAIE BELOWEND EN GERUSSTELLEND IS?
- VOEL JY GOD DAAG JOU UIT EN ROEP JOU NA IETS DEUR SY WOORD?
- IS GOD SE GENADE VIR JOU MEER TASBAAR AS VOORHEEN?
- IS JY BEWUS VAN 'N TOENEMENDE SONDE IN JOU HART… MAAR OOK TERSELFTERTYD 'N TOENEMENDE BEHOEFTE AAN GOD SE GENADE?



# WORD WAKKER

***GEBED***

Here, ons bely dat ons traag en lui of lou geraak het.  Ons steur ons nie aan U profesieë en beloftes nie of ons neem dit nie ernstig genoeg op nie.

Here, dankie dat U ons waarsku as ons vergeet of nie wil hoor nie.

Here, help ons om met ‘n dringendheid te leef en bewus te wees van U goedheid, grootheid en genade.

Here, help ons om in slegte tye steeds aan U waarheid vas te hou, te groei en die pad getrou agter U aan te stap.

**AMEN.**

# LEEF & Beweeg

fresh

NES JY IS, WAAR JY IS